JONK VRYSTAAT

Vennootskap - Ouerskap - Mentorskap - Vriendskap

'n Omvattende Jeugbediening bly maar altyd 'n groot uitdaging binne die gemeente-opset. As jeugleraar besef ek eerstens dat bedieninge aan kinder, jeug en jong volwassenes nooit losstaande van die ander gemeentebedieninge moet staan nie. Daar moet altyd gepoog word om intergenerasioneel te funksioneer, waar oud en jonk mekaar kan bedien.

Die "4 Skappe" is iets wat my nogals help indien ek wel vir 'n oomblik sou in-"ZOOM" op ons jongmense, van geboorte af tot waar hulle hopelik nog in die omgewing is as jong volwassene.

Ons wil met al ons ouers 'n sterk **vennootskap** vorm om te help met geloofsopvoeding. Hierdie vennootskap begin gewoonlik by die doop of inseëning van 'n kind. Blywende, lewenslange geloof word selde deur kerkprogramme aangeleer, maar eerder "aangesteek" deur 'n leefstyl van geloof wat by die huis uitgeleef word, daarom moet ons as gemeente en ouers mekaar gereeld herinner aan hierdie reisende vennootskap.

Ons moet daarom ook fokus op **ouerskaps**toerusting, huweliksnaweke, familiekampe, manne-vrouekonferensies, ensovoorts. Die huis is die primêre plek vir geloofsvorming waar geloof geleef, getoets, gepraat, geoefen en uitgebou word. Hier moet die gemeente vir ouers/enkelouers, ensovoorts toerus en help in al die ontwikkelingsfases van hulle kinders.

Met ons jeug wil ons 'n pad van **mentorskap** loop wat deur weeklikse kategese-, kamp-, uitreik- en aanbiddingsgeleenthede ondersteun word. By hierdie mentorskapsreis moet daar gedroom word om ons gemeenskap te kan begelei in die verskillende lewensfases en oorgange van die lewe. Die reis behels waar daar gefokus word op identiteit en sosialisering. Die leerders moet dan verder begelei word in praktiese kennis en ervaring van: konflikhantering, identiteit, seksualiteit, waardes, emosionele vaardighede, rolverheldering en nog meer. Die jongmense kan self geleenthede kry om nader aan 'n fasiliteringsrol te kom, waar hulle diens kan doen op kampe, ensovoorts. Ek het 'n diep oortuiging dat mentorskap instrumenteel kan wees tot die transformasie wat elke kind in hierdie belangrike lewensfases nodig het.

Met ons jong volwassenes vorm ons 'n **vriendskap** waar weeklikse byeenkomste gereël word vir studente en jong werkendes. Hulle kan dan ook dien as mentors vir ons jongmense, juis omdat hulle energievol en avontuurlustig is wat hou van uitdagings, uitreike, ensovoorts. Hier word daar gepoog om gesonde vriendskappe te bou, sodat die sogenaamde "slowfade" nie gebeur ná belydenisaflegging waar ons jongmense die kerk verlaat nie.

Ons as gemeenteleiers se hartklop moet wees om ons jongmense mooi te begelei op hulle geloofspad op soeke na hulle identiteit en roeping in die lewe. As geestelike selfstandige jongmense begin ons kinders dan 'n lewe wat Jesus navolg.

Ds Johan Visser
(Sel 072 603 3205, e-pos johan@woodlandhillskerk.co.za)